

K O S S K O O L O P V O E D I N G M E T
B E S O N D E R E B E H A N D E L I N G
V A N D I E
T R A N S V A A L S E S T E L S E L .

Deur

C. VAN DER WALT, B.SC., M.ED.

Voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Doctor Educationis in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

PROMOTOR: PROF. H.J.J. BINGLE.

Morgenzon.

Januarie 1960.

INHOUDSOPGAWE.

	Bl.
<u>VOORWOORD.</u>	(i)
<u>INLEIDING.</u>	(iii)-(vi).
<u>HOOFSTUK I: SEKERE ASPEKTE VAN OPVOEDING:</u>	1-33.
A. Lewens- en wêreldbeskouing en opvoeding.	1.
B. Bepaling van die begrip.	2.
C. Wese van die opvoeding.	2.
I. Besonder.	3.
1. Groei en ontwikkeling.	3.
2. Voorbereiding, aan- en inpassing.	4.
3. Leiding, vorming en toerusting.	4.
II. Algemeen.	6.
D. Sedelik- godsdienstige opvoeding.	8.
I. Wilsvorming.	8.
II. Gewetensvorming as produk van sedelike opvoeding.	9.
E. Die opvoedeling.	11.
I. Sy wese.	11.
1. Onrypheid.	11.
a) Hulpeloosheid en hulpbehoewendheid.	12.
b) Plastisiteit.	12.
2. Die langdurigheid van die wordende toestand.	12.
3. Die struktuur van die mens.	13.
4. Die mens as beeld van God.	14.
II. Die basiese geestesbehoefte van die opvoedeling.	14.
III. Die adolessent.	17.
1. Ontdekking van die Ek.	18.
2. Ontstaan van 'n lewensplan.	19.
3. Inskakeling in die lewensverbande.	20.
IV. Portuurgroepe.	21.
1. Portuurkultuur.	21.
2. Die wese van die portuurgroep.	22.
3. Funksies van die portuurgroep.	22.
4. Toepassing van die verskynsel in die opvoeding.	24.

Bl.	
F. Vereistes waaraan 'n opvoeder behoort te voldoen.	24.
I. Verantwoordelikeidsbesef en liefde.	25.
II. Roepingsbewustheid.	27.
III. Godsvrug.	27.
IV. Eenheid van belydenis en belewenis.	28.
V. Kennis van die kind.	28.
VI. Wysheid, nugterheid, gesonde verstand.	28.
VII. Geduld en selfbeheer.	29.
VIII. Ervaring.	29.
IX. Selfvertroue.	30.
X. Voorbeeldigheid, eerlikheid, ootmoedigheid, grootmoedigheid.	30.
G. Samevatting.	30.

<u>HOOFSTUK II:</u>	<u>DIE OPVOEDINGS- EN BELANGHEBBENDE</u>	
	<u>INSTELLINGS.</u>	34-79.
A. Die huisgesin.		34.
I. Ontstaan en wese.		34.
II. Struktuur en organisasie.		36.
III. Funksies.		38.
1. Sosiaal.		38.
2. Opvoedkundig.		38.
a) Drangbevrediging.		39.
(i) Die veiligheidsdrang.		39.
(ii) Die erkenningsdrang.		39.
(iii) Die geldingsdrang.		39.
(iv) Die vryheidsdrang.		40.
b) Ontwikkeling van gesindhede.		40.
c) Grondslaglegging.		40.
IV. Inhoud van die huislike opvoeding.		41.
V. Metodes van die huislike opvoeding.		42.
1. Die godvrugtige voorbeeld.		42.
2. Lering, voorligting, tereg wysing.		43.
3. Aanwending van gesindhede.		44.

	Bl.
4. Kinders as hulpopvoeders.	44.
5. Tug in die huislike opvoeding.	45.
VI. Die organiese opvoedingsproses.	45.
VII. Slotsom.	47.
B. Die skool.	48.
I. Ontstaan en wese.	48.
II. Struktuur en organisasie.	49.
III. Die funksie.	50.
IV. Inhoud van die skoolopvoeding.	51.
V. Metode van die skoolopvoeding.	53.
1. Besondere metodes.	53.
2. Die eenheidsbeginsel.	53.
a) Die sentrale gesag van die hoof.	53.
b) Koördinasie, korrelasie en koöperasie.	54.
c) Die doelstelling.	57.
3. Toepassing van die metodes van die huisgesin	58.
4. Buitemuurse aktiwiteite.	58.
5. Die gemeenskap en sy organisasie.	58.
6. Sosialisering, dissiplinering en tugtiging via gesagserkenning en gedragsregulering.	60.
a) Sosialisering.	60.
b) Dissiplinering.	60.
c) Tugtiging.	61.
d) Vereistes vir effektiewe gedragsregulering.	62.
(i) Koöperasie.	62.
(aa) Liefde.	62.
(bb) Insig.	63.
(cc) Wysheid.	63.
(dd) Redelikheid.	63.
(ee) Regverdigheid.	64.
(ff) Publisiteit.	64.
(ii) Toesig.	64.
(iii) Vorming van die skooltoon.	65.
(aa) Invloed van die onderwyser.	65.
(bb) Invloed van die individuele leerlinge.	66.

	Bl.
(iv) Prefekte.	68.
(v) Die verhouding tussen huis en skool.	69.
(vi) Slotsom.	69.
C. Die kerk.	70.
I. Die wese en funksie van die kerk.	70.
II. Die verhouding van kerk tot huis en skool.	71.
D. Die staat.	72.
I. Die wese en funksie van die staat.	72.
II. Die verhouding van staat tot huis en skool.	74.
E. Samevatting.	76.
<hr/>	
<u>HOOFSTUK III: DIE ENGELSE „PUBLIC SCHOOL“.</u>	80-149.
A. Die plek van die „Public School“ in die Engelse middelbare onderwys.	82.
B. Tipering van die „Public School“.	84.
I. Die geskiedenisrykheid.	84.
II. Die paradoksale.	85.
III. Tradisievastheid, eiesoortigheid en selfgenoegezaamheid.	86.
IV. Slotsom.	86.
C. Herkoms van die Britse ideale „Christian gentleman“.	87.
D. William of Wykeham lê die grondslag.	88.
E. Dr. Thomas Arnold hervorm en konsolideer.	91.
I. Sy opvoedingsdoelstelling.	91.
II. Sy leerplan en metode.	92.
F. Edward Thring bou voort.	94.
G. Sanderson moderniseer.	96.
H. Die hedendaagse „Public School“.	97.
I. Opvoeding in die „Public School“.	100.
I. Die individu.	101.
1. Die nuwe leefwyse.	101.
2. Drangbevrediging.	104.
a) Die veiligheidsdrang.	104.
b) Die erkenningsdrang.	106.
c) Die geldingsdrang.	106.

	Bl.
d) Die vryheidsdrang.	106.
3. Die „Public School“ en die adolessent.	108.
4. Oorname van die ouer se taak.	110.
II. Die gemeenskap.	111.
1. Bestendigheid van die gemeenskap.	112.
2. Sosialisering.	112.
3. Struktuur, organisasie en funksionering van die gemeenskap.	113.
a) Die groot eenheid.	113.
b) Die kleiner eenhede.	116.
III. Die prefekstelsel as middel tot dissiplinering en opvoeding tot leierskap.	120.
1. Histories.	120.
2. Die prefekstelsel in die teenswoordige praktyk.	121.
3. Verkiesing van die prefekraad.	123.
4. Opvoedkundige betekenis van die stelsel.	124.
IV. Godsdienstige en sosiale opvoeding tot „Christian gentlemen“.	126.
V. Sport.	127.
VI. Vryetydsbesteding.	128.
VII. Nasionale opvoeding.	130.
VIII. Die „almighty wall“.	130.
IX. Die personeel.	131.
X. Binne- en buitelandse invloed van die stelsel.	135.
XI. Opvoeding teen vergoeding.	137.
XII. Die opvoedingsmetode in die „Public School“.	138.
J. Kritiese beskouing.	140.
I. Die praktiese.	140.
II. Die prinsipiële.	143.
1. Die eenheidsvereiste in die opvoeding.	143.
2. Huis en skool.	143.
3. Kerk en skool.	144.
4. Staat en skool.	144.
III. Botkenis van die „Public School“ vir die kosskool.	145.

<u>HOOFSTUK IV: KOSKOOLOPVOEDING IN DIE</u> <u>TRANSVAAL.</u>	150-186.
A. Die eerste tekens in die Kaap.	150.
B. Die aanvang in Transvaal.	151.
C. Van 1900 tot 1910.	151.
D. Van 1910 tot 1932.	152.
I. Beheer:	153.
1. Die Departement.	153.
2. Beheerrade.	153.
3. Die skoolhoof.	153.
4. Onderwysers.	154.
II. Reëls.	154.
1. Grense.	154.
2. Verlof.	154.
3. Kerkbesoek.	154.
4. Sport.	154.
5. Kleredrag.	155.
6. Prefekte.	155.
III. Diensvoorwaardes.	155.
IV. Mediese dienste.	155.
E. 1936: Sentralisasie word die amptelike beleid.	156.
F. Herkoms van die stelsel.	158.
G. Die wese van die stelsel.	159.
I. Die uitvoerende beleid.	159.
II. Die administratiewe beleid.	161.
1. Beheer en bestuur.	161.
a) Die Direkteur van Onderwys.	161.
b) Die Inspekteur van Onderwys.	161.
c) Die Koshuiskomitee.	161.
d) Die Hoof.	162.
e) Die Superintendent.	162.
f) Die Huisonderwysers(-esse).	162.

	Bl.
2. Skorsing van leerlinge en toediening van liggaamstraf.	162.
3. Administrasie.	163.
4. Slotsom.	163.
III. Die tegniese beleid.	163.
1. In verband met koshuise.	164.
a) Organisasie.	164.
b) Die opvoedkundige pligte, verantwoordelikhede en funksies van die personeel.	
c) Versorging van kosgangers.	165.
d) Vergoeding van personeel.	166.
2. In verband met skole.	166.
3. Slotsom.	167.
H. Die stelsels van die ander onderwysdepartemente.	168.
I. Die Kaapprovinsie.	168.
II. Die Oranje-Vrystaat.	169.
III. Natal.	170.
IV. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.	171.
I. Die praktyk.	171.
I. Gehalte van die opvoeding.	172.
II. Faktore wat die kwaliteit van die opvoeding beïnvloed.	174.
1. Roepingsbewustheid.	174.
a) Die Hoof.	174.
b) Die Personeel.	174.
2. Homogeniteit van die skoolgemeenskap.	174.
3. Heterogeniteit van die ouergemeenskap.	175.
4. Aard van doel- en normstelling.	175.
5. Sosio-ekonomiese faktore.	175.
6. Frekwensie van kontak tussen ouer en kind.	175.
7. Persentasie inwonende leerlinge in die inrigting.	176.
8. Beplanning en organisasie.	176.

	Bl.
III. Leemtes in die praktyk.	177.
1. Dualismes.	177.
2. Skaarste aan geskikte huishoudelike personeel.	178.
3. Ondoeltreffende geboue.	179.
4. Gebrek aan begrip.	180.
J. Samevatting.	184.

HOOFSTUK V: KRITIESE BESKOUING. 187-201.

A. Prinsipieel.	187.
I. Die Transvaalse stelsel.	187.
1. Wese van die opvoeding.	187.
2. Wese van die skool.	187.
3. Funksie van die skool.	188.
4. Instandhouding van die skool.	189.
5. Beheer van die skool.	190.
a) Die ouers.	190.
b) Die kerk.	190.
c) Die staat.	190.
II. Die stelsels van die ander-Onderwysdepartemente.	191.
B. Die praktyk.	191.
C. Riglyne vir die toekoms.	192.
I. Skepping van 'n kosskool.	192.
1. Herformulering van die beleid.	192.
2. Voorligting.	196.
3. Statusverlening.	197.
4. Onderwysersopleiding.	197.
5. Geboubepanning.	197.
II. Uitskakeling van stremende faktore.	
1. Die Transvaalse prosedure insake art. 89 van die Suid-Afrika-wet.	198.
2. Voorsiening van bevoegde administratiewe personeel.	200.

Bylae: Vraelys insake koshuise as opvoedingsinstellings.	202-205.
Bibliografie.	206-211.

VOORWOORD.

Met die voltooiing van hierdie werk is 'n vyfjaarplan afgehandel waarvan my eggenote en my vriend uit ons jeugjare, prof. P.J. Hamersma, in oorleg met my promotor, die argitekthe was. Dit het die verwerwing van die grade B.Ed., M.Ed en D.Ed. behels en waar die projek dan nou binne die vooropgestelde tydsbestek voltooi is, is dit my aangename plig om my innige dank en waardering te betuig aan almal wat dit vir my moontlik gemaak het, maar veral aan -

- (i) my promotor vir sy advies en duidelike leiding gefundeer in sy wye kennis en helder insig in die teoretiese en praktiese opvoedkunde, vir bemoediging en, les, bes, vir die beskikbaarstelling van sy uitgebreide boekery;
- (ii) my eggenote en kinders wat my nie slegs trou bygestaan, aangemoedig en geïnspireer het gedurende die jare van studie te midde van drukke werksaamhede nie, maar hulle ook veel opoffering getroos het;
- (iii) prof. en mev. Hamersma en hul kinders vir die opregte belangstelling en begrypende meeleving wat vir my steeds 'n riem onder die hart was, asook vir die gulhartige gasvryheid wat ek so dikwels van hulle kon geniet;
- (iv) die bibliotekaris van die Ferdinand Postma-biblioteek en sy personeel vir voortreflike, hulpvaardige, onbaatsugtige en vriendelike diens;
- (v) mnr. J.J. Pretorius vir die taalversorging, kontrole van die tikwerk en die drukwerk;
- (vi) mev. Petro Pretorius en my dogters, Hester en Erna, vir die tikwerk;
- (vii) die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing vir 'n ad hoc-toekenning om die koste verbonde aan die navorsing te bestry.

(ii)

Indien daar langs hierdie weg 'n bydrae, hoe gering ook al, gelewer kon word ter bevordering van die opvoeding van die jeug, sal die moeite en inspanning wat dit geveer het meer as beloon wees, dog in diepe ootmoed moet bely word dat niks hiervan tereg sou gekom het as daar nie soveel krag en genade van ons aller Vader ontvang is nie en daarom word voor alles en bo alles aan Hom die lof en die eer en die dank toegesê.

INLEIDING.Die Probleem.

In Suid-Afrika het dit as gevolg van die uitgestrekte gebiede die algemene gebruik geword om 'n sentralisasiebeleid t.o.v. die onderwys, veral op die platteland en meer bepaald by die sekondêre vlak, toe te pas ten einde leerlinge binne bereik te bring van die skole wat voorsiening maak vir die soort onderwys wat hulle moet hê. Langs hierdie weg het koshuise permanente instellings by ons skole geword en langamerhand ook in omvang toegeneem sodat daar in 1956 in Transvaal reeds 20940 leerlinge in koshuise gehuisves is¹ terwyl 25% van die laer- en 66% van die hoërskoolleerlinge in die Pietersburgse kring in 1955 die skool langs hierdie weg besoek het.²

Nou los die stelsel wel die onderwysprobleem van die plattelandse kind op, dog dit skep terselfdertyd 'n nuwe situasie: hy word binne bereik van die skool gebring, dog terselfdertyd buite bereik van die huisgesin, sy natuurlike opvoedingsinstelling, geplaas sodat hy nou kunsmatig opgevoed moet word. Die vraag ontstaan dan nou hoe dit die beste kan geskied. En daarmee is die probleem van hierdie ondersoek gegee.

Afbakening.

Dis hier waar die Engelse kosskool, die sg. „Public School“, in die prentjie verskyn, want dit is bekend dat hierdie skole deur die loop van eeue 'n stelsel ontwikkel het om die kind namens die ouers en buite die huisgesinsverband op te voed, en die antwoord op die vraag kan moontlik dáár gevind word. Hierdie kosskole bepaal hulle egter by onderwys op die sekondêre vlak en daarby is hul leerlinggemeenskappe homogeen t.o.v. taal en lewens- en wêreldbeskouing. Ten einde die ondersoek binne perke te hou, is besluit om hier te lande by dieselfde homogene vlak te hou.

1. T.O.D.: Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Des. 1956
 2. T.O.D. " " " " " " " " 31 Des. 1956

Nou benader elkeen van die 5 onderwysdepartemente in ons land die aangeleentheid weer langs 'n eie weg uit 'n administratief-organisatoriese oogpunt beskou, dog t.o.v. die opvoedingsaspek is daar so 'n sterk ooreenkoms dat dit nie essensieel is om elkeen afsonderlik te behandel nie en derhalwe is dié besondere ondersoek beperk tot die Transvaalse stelsel en is die stelsels van die ander departemente in breë trekke behandel.

Dit het dan die finale afbakening gegee: kosskoolopvoeding soos wat dit geniet word deur Afrikaanssprekende leerlinge in die middelbare skole van Transvaal.

In verband met die afbakening van die terrein is daar nog 'n aspek wat vermeld moet word.

Soos reeds gesê, gaan die probleem oor die situasie wat geskep word wanneer die leerling buite bereik van die ouerhuis geplaas word om in sy onderwysbehoefte te voorsien, waardeur die taak van die kosskool omvattender word as dié van die gewone skool. Nou lê dit nie in die bedoeling van hierdie proefskrif om die hele opvoedingsveld waaroor die gewone skool hom ook uitstrek „de novo" in besonderhede te dek nie, maar word die aandag toegespits op die verantwoordelikheid wat die kosskool op hom neem om bo en behalwe die taak van die gewone skool, ook voorsiening te maak vir daardie opvoedkundige behoeftes van sy leerlinge wat die verantwoordelikheid van die huisgesin sou gewees het indien hulle nie daaruit geneem is nie.

Dit verklaar dan waarom nie oor alle aspekte van die opvoeding (teoreties en prakties) gehandel word nie.

Metode van Onderzoek.

Om nou die antwoord op die probleem te vind, is stap vir stap beweeg van opvoeding in die algemeen en sekere aspekte daarvan in die besonder, na die opvoeding in die huisgesin en in die skool as hulp vir die huisgesin, die opvoeding namens die huisgesin in die Engelse „Public School" en uiteindelik die opvoeding in die kosskole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die departemente van

onderwys van die Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat en Natal in die algemeen en dié van Transvaal in die besonder.

Benewens die inligting wat uit die literatuur geput is, is 'n rondreis deur die Unie onderneem ten einde by wyse van waarneming ter plaatse vas te stel hoe die stelsels amptelik benader word en hoe hulle in die praktyk fungeer. Met die oog hierop is onderhoude gevoer met die hoofde van onderwysdepartemente of hul verteenwoordigers, hoofde van inrigtings, voorsitters van koshuiskomitees en skoolraadsekretarisse. By die onderhoude is 'n vraelys soos in die bylae opgeneem sover doenlik gebruik terwyl eksemplare van prospektusse, koshuisreëls, jaarblaaie, amptelike handleidings, ordonnansies e.d.m. meegeneem is vir latere aanwending om tot 'n bevinding te kan geraak.

Onderhoude is dan gevoer met:

Hoofde van Onderwysdepartemente: Transvaal; Oranje-Vrystaat; Kaapprovinsie; Natal; Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Hoofde van stigtings van die Engelse kerke¹: St. Andrew's, Bloemfontein; St. Andrew's en Kingswood, Grahamstad; Diocesan College, Rondebosch. Vlughtige besoeke is ook afgelê by Michael House en Hilton College, albei in Natal.

Hoofde van Tegniëse Hoërskole en Handelskole: Kroonstad, Oudshoorn, Pietersburg (Tom Naude), Ermelo.

Hoofde van Hoërskole of hul verteenwoordigers: Grey Kollege, Bloemfontein; Reddersburg; Trompsburg; Middelburg, K.P.; Cradock (Seun- en Meisie-); P.J. Olivier, Grahamstad; Witteberg; La Rochelle, Paarl; Afr. Hoër (Seun- en Meisie-) Pretoria²; Potgietersrust; Merensky (Tzaneen); Lydenburg; Hoogenhout, Bethal; Vereeniging (Afr.); Boshof.

Voorsitters van Koshuiskomitees: Trompsburg; Middelburg, K.P.; George; Boshof.

Sekretarisse en/of Voorsitters van Skoolrade: Trompsburg; George.

1. Volgens inligting uit Engeland ontvang, gee "Whitaker's Almanack" (1959) hierdie skole aan as oorsese "Public Schools" (1959) en hoofde van al hierdie skole, behalwe eersgenoemde en laasgenoemde, lede van die "Headmasters' Conference".

'n Onderhoud is ook gevoer met ~~met~~ ~~mr.~~ S.J. Botha, oud-hoof van die Seodinskool te Kuruman.

Verder dien vermeld te word dat aangesien die probleem uit 'n prinsipiële oogpunt benader is, is die metode van sistematiese waarneming, deurdenking, sistematisering en toetsing aan prinsipiële norme hoofsaaklik gevolg en nie dié van empiriese verwerking van gegewens nie, om welke rede die gegewens van die vraelys dan ook nie volledig verstrek word nie dog slegs aangewend word waar dit van prinsipiële belang of praktiese nut kon wees.

Daarbenewens moet gekonstateer word dat waar die vraelys as leidraad by onderhoude geneem is, die verskillende aspekte eers toegelig en beredeneer moes word voordat sienswyses ingewin kon word wat selfs dan nog dikwels agterweë gebly het. Ook om hierdie rede word die gegewens nie volledig verstrek nie.